

Só werk belasting op beleggings

Daar is drie soorte, en dit hang af van jou belasting skaal

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Ons kyk na dié vraag van 'n leser: Betaal ek belasting soos ek geld uit my belegging onttrek of betaal ek jaarliks op die groei in my belegging?

Wel, dit hang af. Dit hang af van die tipe belegging. Dit hang af van die bateklas waarin jy belê is. Dit hang af van die produk waarin jy belê is. En dit hang af van die tipe belasting ter sake.

Soos ek sê, dit hang af. So kom ons kyk.

Die eerste belegging waarna ons kyk, is diskresionêre beleggings. Dit is jou tipiese "gewone" beleggings. Niks snaaks aan nie. Dink aan geld by die bank waarop jy rente verdien. Of 'n belegging direk in effektrusfondse of 'n aandeelportefeulje.

Ons noem dit diskresionêre geld omdat jy al die sê daarvoor het. Dit teenoor wat ons noem "verpligte geld", geld wat in 'n aftreefondsporduk gespaar word.

Daar is drie tipes belasting ter sprake by beleggings: Inkomstebelasting, kapitaalwinstbelasting (KWB) en dividendbelasting. Laasgenoemde kan ons ignoreer, want dit is 'n terughoubelasting, so jy hoef jou nie daaroor te bekommer nie.

Inkomste wat jy onttrek uit 'n diskresionêre belegging is belastingvry. Maar lees tog verder.

Rente- en huurinkomste verdien in jou belegging is belasbaar soos dit verdien word. So ook op kapitaalwinste verdien, wanneer aandeel deur die fondsbestuurder verkoop word.

Jy moet dit jaarliks verklaar in jou belastingopgawe en jy sal daarvolgens belasting ingevolge die belasting skaal vir individue.

Inkomste wat jy onttrek uit die belegging is dus belastingvry. Jy het mos reeds die belasting op die groei betaal.

Hier is nou die maar: As jy inkomste onttrek en daar moet aandeel verkoop word om die inkomste te kan uitbetaal, is die kapitaalwinst daarop betaalbaar in daardie jaar. Net soos wat dit is wanneer die batebestuurder aandeel verkoop as deel van jou fondsbestuur.



Dis weer tyd vir voorlopige belastingbetalers om hul somme vir Jan Taks te maak.
| FOTO: ISTOCK

Voorlopige belasting – maak seker

Augustus is nie net kattermaand nie. Dit is ook belastingmaand vir voorlopige belastingbetalers wat natuurlike persone is.

Wie is 'n voorlopige belastingbetaler?

Dit word omskryf in par. 1 van die vierde bylae van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) vir 'n definisie.

Kortliks, as jy enige inkomste anders as jou salaris of vergoeding ontvang, is jy waarskynlik 'n voorlopige belastingbetaler.

Onthou, beleggingsinkomste – groei op jou beleggings, nie net geld wat jy onttrek nie – is inkomste. Dit sluit rente by die bank in. So ook die verhuur van eiendom.

En daarby, as Jan Taks vir jou sê jy is, is jy 'n voorlopige belastingbetaler.

Hierdie belasting, as dit bykomend is tot ander inkomste, 'n salaris of pensioen word belas teen die marginale koers van toepassing op jou volgens die belasting skaal tersake. Dit kan tot 45% op inkomste wees en 18% KWB.

Neem ook in ag dat belasting eers gehef word op rente ná die jaarlikse vrystelling van R23 800 (as jy onder 65 jaar is) en R34 500 (as jy 65 jaar of ouer is).

Op kapitaalwinst is die vrystelling vir individue R40 000 per jaar.

Bespaar met polisbeleggings

Die onmiddellike vraag is nou, is daar 'n meer belastingvriendelike diskresionêre belegging?

Ja.

As jy die geld in 'n polis belê, kan daar vir mense in die hoër inkomstegroep 'n besliste belastingvoordeel wees.

Maar, groot asseblief, verstaan tog net dat alle polisse nie dieselfde is nie. Die belasting is dieselfde, maar sommige polisse is duurder met meer kommissie as ander.

Voorlopige belasting is inkomstebelasting. Die verskil is net dat die belasting nie soos normaal binne die Lopende Belastingstelsel gevorder word nie.

As jy 'n voorlopige belastingbetaler is, moet jy twee keer per jaar op jou verwagte inkomste vir die jaar vooruit, of dan voorlopig, belasting op daardie inkomste betaal.

Dit help jou in die sin dat jy nie aan die einde van die jaar met 'n yslike belastingrekening gekonfronteer word nie.

En dit help Jan Taks om sy geldsake te bestuur. Hoekom is Augustus belangrik? Dit is wanneer die eerste betaling gedoen moet word.

Moenie jousef laat uitvang nie.

Dit help om jou beleggingsgroei te beperk, so maak seker van jou finansiële raadgever.

Met 'n polisbelegging moet jy 'n kontrak van vyf jaar aangaan om die belastingvoordeel te kry. 'n Langtermynbelegging is in elk geval vir vyf jaar en verkieslik langer, so dis somer niks.

Die belasting wat jy bespaar kan egter baie wees. Die belasting op rente- en huurinkomste is 30% (teenoor 45% marginaal) en 12% KWB (teenoor 'n maksimum van 18% as jou marginale koers 45% is).

En ná verstryking van die vyf jaar kan jy al jou geld belastingvry onttrek of 'n gereelde inkomste neem. Dit sal belastingvry wees. Ook omdat al die belasting reeds in die polishouersfonds gehef is.

Dit is 'n leuen dat polisbeleggings belastingvry is. Dit kan soos enige gewone belegging belastingvry uitbetaal, want die belasting is reeds oorbetal. Dit word uit jou groei oorbetal in alle gevalle.

Versekerers is vrek suinig, hulle gaan

nie jou belasting vir jou betaal nie.

Dan is daar ook die sogenaamde belastingvrye spaarproduk waarin jy tot R36 000 per jaar kan spaar (tot 'n maksimum van R500 000 oor jou lewe) en al die groei daarop is belastingvry. Gebruik die voordeel as jy wil. Dis op sy beste 'n druppel aan die emmer en nie juis iets waarvoor ek opgewonde kan raak nie.

Al die produkte word opgeneem in jou boedel vir boedelbelasting.

Wat van aftreefondsgeld?

Dit wat betref diskresionêre geld. Wat nou van verpligte geld, aftreefondsgeld?

Dit bied lekker belastingvoordele. Jou premies wat jy spaar is jaarliks aftrekbaar vir belasting tot soveel as R350 000 of 27,5% van jou inkomste, welke een die minste is.

As jou marginale koers dus sê maar 40% is, spaar jy effektief net R60 uit elke R100 se spaarvoordeel wat jy kry.

Daar word geen belasting gehef in die fonds (jou belegging) self nie. Geen dividendbelasting, geen inkomstebelasting en geen KWB nie.

By aftrede uit die fonds word die eerste R550 000 kontant wat jy onttrek teen 'n nul-koers belas en bokant dit tot by R770 000 teen 18% en bokant dit tot by R1 550 000 teen 27% en op alles daarbo teen 36%.

Jy mag 'n derde in kontant onttrek.

Die belasting skaal waarbinne jy val, sal dus grootliks bepaal hoeveel kontant jy behoort te onttrek by aftrede (binne die eenderde-perk natuurlik).

Die inkomste (pensioen) wat jy ontvang, is belasbaar volgens die inkomstebelasting skaal wat op jou van toepassing is. Maar die groei op die kapitaal in die fonds is steeds belastingvry.

Jou pensioen val gewoonweg ook buite jou boedel vir boedelbelasting.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële planner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com